WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 09/2019
25/09/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Willem (Durie) van Deventer van die Infanterie

In vorige Nuusbriewe is genoem dat Durie op 06/05/2019 geval en ernstig seergekry het. Durie was eers in die privaathospitaal in Montana in Pretoria vir bloeding op die brein behandel, maar is later na 1 Mil Hosp oorgeplaas. Durie se toestand het egter deurgaans verswak en Durie se dogter, Christel, het later met leedwese verwittig dat Durie op 08/08/2019 oorlede is. Christel se selno is 082 574 3592. Die begrafnis het op 08/08/2019 vanuit die NG Gemeente Wonderboom plaasgevind.

2. Afsterwe van Tokkie Strumpher van Logistiek

Chris van Zyl van die Geskut en verskeie ander lede het met leedwese verwittig dat Tokkie op 26/08/2019 oorlede is. Tokkie se gedenkdiens het op 02/09/2019 by die NG Gemeente Bloubergstrand plaasgevind.

3. Afsterwe van Noel Binneman van Logistiek

* Karel van Heerden van die Vlieënde Geskut en die SALM verwittig met leedwese dat Noel op 02/09/2019 sy huis in Valhalla binnegegaan en dood neergeslaan het. Sy dogter, Leonie, se selno is 082 337 2510".

* Jaco Steenberg van die SAWV noem dat "…'n lid op FaceBoek geskryf het dat Oom Noel in die laat 1970s D KDK was en '… het hy vanaf ons eerste ontmoeting tydens die finale JL Keurraad in 1979 'n blywende indruk op my gehad'.

* Ed Ruziecki van Logistiek noem dat die gedenkdiens op 09/09/2019 by die NG Gemeente Lyttelton-Oos in Centurion plaasgevind het. Noel het die Bevel-en Stafkursus G1582 in 1974/1975 meegemaak en het ook die pos van D KDK beklee. Die gesegde, 'Officer and Gentleman' is sinoniem met Noel en sal as sy nalatenskap onthou word".

4. Passing of Stefanus (Fanie) Uys of the SAN

Arne Soderlund advises with sincere regret "… of the sudden passing of Fanie on 13/09/2019 at his home in Gordon's Bay. We extend our sincerest condolences to his wife, Emmie and to Lefras, Nina and Stefan".

5. Afsterwe van Hugo Amos (Peppie) Coetzee van die SAGD

Hannes Spies van die SAGD verwittig met leedwese dat Peppie se familie hom in kennis gestel het dat Peppie op 07/09/2019 aan huis te Dwarskersbos oorlede is, nadat hy 'n lydingstryd teen kanker gevoer het. Ek en Peppie het die pad saamgestap vanaf 1973 tot met sy verjaarsdag op 21/07/2019. Daarna kon hy nie meer praat nie. Die gedenkdiens het op 13/09/2019 by die NG Gemeente Veldrif/Laaiplek plaasgevind. Sy vrou, Rosemary, se selno is 84 547 0288".

6. Passing of Rene Theron of the SAN

Arne Soderlund advises with sincere regret "… that Rene had on 09/08/209 passed away in hospital in Port Elizabeth at the age of 70 after a long battle with cancer. Our deepest sympathy to his sister Helize, brother Etienne and families. A memorial service was held in Murraysburg near Graaf-Reinet. Details are available from Helize on 083 271 4009".

7. Passing of Chaplain (Rev) Michael Mackintosh of the SAN

Arne Soderlund advises with sincere regret "… that Rev Mackintosh SAN had passed away at the age of 87 years. We extend our sincerest condolences to his wife, Rosemary and family. The Memorial Service will take place at the Simon's Town Methodist Church, Chapel Lane, Simon's Town at 14:30 on Thursday 03/10/2019".

8. Afsterwe van Daan Hendriks van die SALM

Kallie) Bröcker van SALM verwittig met leedwese "… dat Daan op 22/08/2019 oorlede is. Daan het die grootste deel van sy loopbaan by Afd Fin deurgebring. Die herdenkingsdiens het op 28/08/2019 by die NG Gemeente Valhalla plaasgevind".

9. Afsterwe Clem van Rensburg

Ed Rezucki van Logistiek verwittig met leedwese "… dat Clem op 16/09/2019 oorlede is. Clem het op 31/05/2019 met pension uit die SANW getree. Hy was 'n soldaat wat sy werk met groot ywer en loyaliteit gedien het. Ai, Clem ons gaan jou mis. Adri en familie; ons dra julle in ons gebede op in hierdie tyd van rou".

10. Passing of Ehrol Lohmann of the SAAF

The SAAFA advises with sincere regret "… that our Chairman of the SAAFA Branch in Windhoek has passed away. Ehrol was a man of kindness and generosity and will be sorely missed. Ehrol's life was celebrated at the Vinyard Country Lodge in Windhoek on 16/08/2019. Our condolences go to his wife Rosemary and his family".

11. Afsterwe van Johan Landman van die Parabats

Jaco Steenberg van die SAWV verwittig verwittig met leedwese "… dat Johan op 19/09/2019 in Bloemfontein oorlede is. Johan was 'n voormalige RSM van 1 Valsk Bn. Sy familie en vriende is in ons gedagtes en gebede in hierdie moeilike tyd. Die begrafnis gaan op 25/09/2019 by die APK Moedergemeente Rooiwal Singel in Fauna, Bloemfontein plaasvind".



12. Passing of Carl Stegmann of the Cavalry

* Eddie Penzhorn of the Pretoria Regiment is sad "… to inform that our former comrade has answered the Sunset Call on 03/08/2019 at the age of 62 years. At this time of sadness we extend our sincere condolences to his wife Carol and their sons, Andrew and Peter. A memorial service was held at the Brooklyn Methodist Church in Pretoria on 12/08/2019".

* Prof Deon Fourie van die Kavallerie voeg by "… dat Carl die seun is van wyle kapt John (Vlam) Stegman van die Pantser.

13. Regstelling : Afsterwe van Boet Badenhorst van die TDK

Robbie Coetzee van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Boet op 28/07/2019 in die hoësorgeenheid van die Medi Clinic Hospitaal in Potchefstroomse oorlede is. Hy het drie weke gelede 'n stent in die hart ontvang, maar het daarna 'n ernstige beroerte-aanval gehad. Boet was met aftrede die SSO Log van HK Kmdmt NW. Sy eggenote Lettie, se selno is 082 680 1771". Nota. Verskoning word aangebied dat die berig in die vorige Nuusbrief verwring is en Robbie in die proses in die verleentheid gestel is.

HULDEBLYKE

14. Huldeblyk aan Wyle Dr Etienne Hugo van die SAGD

Jurie Bosch van die Ierse Infanterie verklaar dat hy "… hartseer is om te verneem van die heengaan van Etienne Hugo Hy was die beste Ortopeed in die SAW en het my rug in 2008 met skroewe en stawe reggemaak en ek is tot vandag ontslae van die hewige pyn wat ek moes verduur. Hy was altyd bereid om my op kort kennis by 1 Mil Hosp te sien en was 'n opregte heer. Ek treur saam met sy makkers! Rus in Vrede".

15. Huldeblyk aan Wyle Hugo Amos (Peppie) Coetzee van die SAGD. Die volgende is 'n effens verkorte weergawe van die huldeblyk wat Mariëtte Maartens van die SAGD verskaf het:

Peppie is op 'n plaas op die Knersvlakte, distrik Nuwerus, as middelkind van 14 kinders gebore. Na skool werk hy as 'n klerk by die SA Spoorweë, maar attesteer in 1959 by die SAGD en kwalifiseer in 1961 as instrukteur. Hy trou met Rosemary uit die huwelik is drie dogters gebore. Peppie het bykans 37 jaar in die SAGD gedien en is met die SM en MMM vereer.

Hy tree op 31/08/1996 uit die diens en hulle verhuis later na Dwarskersbos vir hulle aftrede. Peppie was vlytig met houtwerk en het self die meubels vir sy huis gemaak. Hy was aktief betrokke by sy medemens en die gemeenskap, terwyl die afsterwe van sy jongste dogter, Noelene, vir hom en Rosemary 'n geweldige slag was wat hy tot sy dood toe nie kon verwerk nie.

Sy familie sal hom onthou as ‘n liefdevolle eggenoot, pa en oupa. Sy geloof was sterk en hy het die genade van die Here en geestelike waarde aan sy gesin oorgedra. Ons sal hom voorwaar mis.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

16. Begrafnis van Tokkie Strumpher van Logistiek

Dan Lamprecht van Spes Magte verwittig “... dat Tokkie se gedenkdiens op 02/09/2019 by die NG Gemeente Bloubergstrand gehou is. Genl Philip du Preez van die Lugafweer het gereël dat ses van sy kollegas van sy jaargroep by die SA Mil Akad die diens bywoon en het na die diens ‘n kort huldeblyk gelewer. Tokkie het die laaste tyd moedig geveg, maar rus nou in vrede. Tokkie se vrou, Antoinette (Nettie) ly aan Dimensie en word tuis versorging maar ander opsies word nou oorweeg. Op die foto verskyn Flip Viljoen (SAV), Fred du Toit (SALM), genl Philip du Preez (SA Leër), Kobus Strumpher(seun), Chris Metelerkamp (SAV), Anton(Toon) de Klerk (SALM) en Maans Brink (SAV) van links na regs. Tokkie se seun, Kobus, se selno is 0824607175”.

17. Meegevoel met Afsterwe van Willem (Durie) van Deventer van die Infanterie

Die SA Infanterie-vereniging het die volgende in meegevoel met Durie se afsterwe uitgereik:

MILITêRE AANGELEENTHEDE

18. SAW se Muur van Herinnering

Jaco Steenberg van die SAWV noem dat die name van 2 280 lede van ons SAW soldate wat die hoogste prys betaal het, op die SAW se Muur van Herinnering in die Voortrekkermonument se Erfenisterrein

verskyn. Van hulle het 776 hulle lewe vir ons vryheid tydens kontak met die vyand gegee. Saluut. Mag ons nooit vergeet nie!"

19. Medaljes van Privaat Organisasies. Pieter Joubert is 'n deskundige op hierdie vakgebied en verskaf die volgende leiding:

Slegs dekorasies en medaljes word as amptelik beskou slegs indien dit deur die Staatshoof ingestel is en mag dan saam met die RSA se medaljes gedra word, maar word as ondergeskik aan die RSA se medaljes beskou. Daar is privaat medaljes in omloop wat nooit saam met amptelike eerbewyse gedra mag word nie. Voorbeelde hiervan is die *National Service Medal* en *General Service Cross.*

Die goedkeuringsinstansie vir die dra van vreemde eerbewyse is die Kanselary van Ordes by die Kantoor van die Staatspresident. Waar amptelike buitelandse eerbewyse nanaamse letters het, is die ontvanger daarop geregtig, maar dit moet na die amptelike RSA nanaamse letters verskyn. Die *Venerable Order of Saint John the Hospitaler* is wel 'n amptelike vreemde eerbewys omdat die Beskermer daavan die Koningin van Brittanje is. Dit kom in verskillende klasse voor, oa *Knight of St John* en *Officer of St John* en die nanaamse letters is KStJ en OStJ. Die SAW se twee ontvangers is lt-genl Knobel en brig-genl Deon Fourie en hulle nanaamse titels is dus onderskeidelik SSAS, SD, SM, MMM, KStJ en SD, SM, MMM, JCD, KStJ.

Wat min lede weet is dat die SAP se Medalje vir Onderdrukking van Terrorisme wel saam met die SAW se medaljes gedra kan word en dit is senior aan die Pro Patria Medalje. Die SAPD se Medalje vir Amalgamasie is weer junior aan die Unitas Medalje en kan ook saam in die groep gemonteer word. Dit is ook korrek dat die enkele SAW lede hulle *Rhodesian General* Service *Medals* saam met die SAW se medaljes dra.

Die Nasionale Voorranglys is in 1996 vir die Integrasieproses hersien, waarna die TBVC lande en APLA/MK se eerbewyse senioriteitsgewys met die SAW/SANW eerbewyse ge-integreer is. Die TBVC se eerbewyse was voor dit as vreemde eerbewyse beskou".

20. Defence Budget Sinks SAN. The following is a shortened version of the statement that C Navy**,** Vice Adm Mosiwa Hlongwane, made to the Parliamentary Joint Standing Committee on Defence:

If the SAN does not get a budget that it is supposed to get, then it will be unable to deliver on its mandate. The key performance indicator of the Navy is the number of sea hours per year, but is dependent on the SAN's budget allocation. Due to various capacity constraints, primarily resulting from the insufficient budget allocation, the Navy is unable to achieve the planned sea hours target due to the unavailability of naval vessels. The SAN requires a minimum of 12 000 hours (500 days) at sea per year to train sufficient personnel to keep vessels in the operating cycle and operational, but is now only resourced for 6 000 hours at sea. These 6 000 hours are not sufficient to meet both Force Preparation and Force Employment requirements.

The average Number of sea hours for the three years 2016/17 to 2018/19 was 7 294 hours, or 60.7% of the 12 000 hour annual target. Due to underfunding and resulting backlogs in vessel refits and maintenance and repair, the Navy had to adjust the planned number of hours at sea per year target from 12 000 hours to just 10 000 hours. In comparison, the target for the 2013/14 financial year was 22 000 hours, with only 11 081 hours achieved. Should sea hours be reduced below 10 000 per year, the SAN will decline rapidly and be unable to meet the annual 7 800 hours Force Employment requirement. Any further reduction in sea hours will impact severely on individual and team training at sea, maintaining safety at sea and the safe navigation of all vessels.

The full requirement to run the SAN is R6.818 billion, but it only received R3.609 billion (52.9% of what is required), of which R2.495 billion (69.1%) is allocated to Human Resources. This leaves just R1.1 billion available for the operating budget. The reduction results in limited practical sea training, with most training establishments requiring urgent refurbishment.

A progressive decline in the availability of most capabilities is expected after the 2020/21 financial year, due to increasing obsolescence, insufficient refit and maintenance repair funding and skills shortages, leading

to fewer platforms available to accumulate sea hours. Should mid-life refits not be able to be funded, the Navy will over the medium term lose its frigate capability, then its submarine capability, leaving its patrol capability highly restricted.

21. Thales Launch New Unmanned Naval Concept

Thales and Steller Systems launched a new concept in warship design, offering an evolutionary link from manned warships to a fully autonomous platform. The aim is to deliver mass and lethality at an affordable financial and manpower cost, while distancing sailors from dangerous, dirty or simply dull tasking. The platform would have a range up to 6 000 miles, heavy-lift flight deck and extensive payload mission bay. It could be lean manned, with a crew of 15, or operate in autonomous or remotely controlled modes. Payloads would also include unmanned vehicles so it could also act as a mothership in its own right, alongside manned ships in hybrid operations.

NEW NAMES FOR UNITS OF THE RESERVE FORCE

22. Introduction by Defence Web

The SANDF has decided to change the names of 52 units of the SA Army Reserve Force, with the new ones to reflect the military traditions and history of indigenous African military formations and the liberation armies involved in the freedom struggle. The full statements is on the link at https://www.defenceweb.co.za/featured/new-reserve-force-unit-names/.

23. Name Changes and Seniority List of Units of the SA Army Reserve Force. Maj Gen Roy Andersen has issued the following statement on behalf of the Reseve Force Council:

The names of certain units of the SA Army Reserve Force are being changed in order to ensure that they represent a balanced view of South Africa's rich military heritage. In this, the first of two articles, the establishment dates of the units are recorded. This preliminary seniority list has been prepared with inputs from the late Cols Lionel Crook and Alan Bridgens and Brig Gen Gerhard Kamffer. The new names of the units, where applicable, are reflected in *italics* following the historic name.

S A ARMY

Natal Carbineers *Ingobamakhosi Carbineers* 15.01.1855
Cape Town Rifles (Dukes) *Cochogua Rifles* 28.11.1855
Cape Field Artillery *Nelson Mandela Artillery Regiments (NMAR)* 26.08.1857
Natal Mounted Rifles *Queen Nandi Mounted Rifles* 25.09.1862
Umvoti Mounted Rifles *Umvoti Mounted Rifles* 18.10.1864
Durban Light Infantry *Durban Light Infantry* 02.04.1873
First City *Chief Makhanda Regiment* 07.10.1875
Kimberley Regiment *Kimberley Regiment* 14.08.1876
Prince Alfred's Guard *Chief Maqoma Regiment* 08.01.1877
The Buffalo Volunteer Rifles *The Buffalo Volunteer Rifles* 20.12.1883
Cape Town Highlanders *Gonnema Regiment* 24.04.1885
Natal Field Artillery *King Cetswayo Artilery Regiment (KCAR)* 04.05.1902
1 Light Horse Regiment *Johannesburg Light Horse Regiment* 12.12.1902
Transvaal Scottish *Solomon Mahlangu Regiment* 12.12.1902

24. Statement by the SANDF

Currently military traditions in units of the SA Army Reserve reflect only those from the SADF and its predecessor, the UDF. The military traditions and history of indigenous African military formations and liberation armies involved in the freedom struggle have yet to be reflected in SA Army Reserve units. It was the aim of the name review process to address this omission in a balanced and innovative way. A name review steering committee was established to manage the name change process, on a consultative basis, to ensure buy-in from internal and external stakeholders. Extensive research was conducted into South Africa's military history. The process accommodated regional uniqueness and allowed for acknowledgement of military heroes and past events as well as creating space to accommodate local military history not reflected in the structure of the SA Army. The research, led by the SA Army's Dir Reserves, Brig Gen Gerhard Kamffer, saw an approved list of prominent chiefs, military leaders, battles and important military events produced. The new names are appropriate to the new South Africa and enhance cohesiveness and regimental pride within the Reserves. The full list is stated in the link on https://www.defenceweb.co.za/featured/new-reserve-force-unit-names/.

25. Note by Defence Web

We have been reliably informed the affected units have not yet taken decisions on new insignia, including beret/cap badges and flashes as well as colours. Existing unit colours, along with battle honours, will be laid up during parades over a three year phasing-in period.

26. Kommentaar deur Chris de Jager van die Kavallerie

"Dit sou beter gewees het as die bestaande eenhede net ontbind sou word. Skep dan maar nuwe eenhede waar nodig met die nuwe name. Die eenhede kan dan hulle eie geskiedenis opbou. Ten minste sal die bestaande eenhede se ryke geskiedenis nie gekontamineer word nie.

27. McGill Alexander of the Parabats

Fortunately, the regimental HQs and silver for the most part belong to the regimental associations, and not to the state. But with the looming amendment to Section 25 of the Constitution, the state will be able to expropriate all those properties and items. So, the regimental associations would do well to spirit what they can out of the country! Particularly if there are regiments in other countries to which our historical regiments are or were affiliated. I have no doubt that such regiments would happily safeguard the silver and other mementoes of our traditional regiments that have now effectively been destroyed.

28. Opmerking deur Jurie Bosch : Voormalige Bev SA Irish Regt

"My ou Regiment se naam word nou Andrew Mlangeni Regt....Oy Ve!!!"

29. Paul Els van die Seiners

"Ek het reeds ongeveer 10 jaar gelede in die Nuusbrief van die Militêre Veterane teen hierdie optrede gewaarsku. Niesoseer oor die naamveranderinge nie, maar oor die eenhede se embleme, trofees en eiendomme. Dit is waarom ek betoog vir ons eie veilige bewaringsplek, maar miskien moet ons maar alles oorsee skruif. Hulle gaan seker ook binnekort na die MOTHs begin kyk. Ek moet egter sê: O*ns is te laat".*

TOEKOMSTIGE OORLOë

30. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

31. Effek op die SMMVF se Voordele

Gert van Niekerk van die Geskut vra ‘n pertinente vraag wanneer hy versoek “… of daar al 'n bespreking was van die effek van die regering se Nasionale Mediese Versekering en implementering van wetgewing op ons SMMVF se reeds afgewaterde voordele?”

32. Gratis EKG Toets by Eldopark-apteek

* Kallie Broker van die SALM verwittig dat “… die apteker hom ingelig het dat hy die lede van die VPA en hulle eggenotes nooi om ‘n gratis EKG toets by die Eldopark-apteek in Wierdapark se winkelsentrum in Centurion te kom aflê, deur slegs die VPA lidmaatskapnommer te verskaf”.

* Die apteker, Kobus, noem “… dat lede of hulle eggenote slegs net hulle VPA lidmaatskapnommer moet verskaf as hulle vir die toets kom. Die resultate is 100% betroubaar en word ook in verbruikerstaal verskaf sodat pasiënte ‘n goeie perspektief oor hulle hart se toestand verkry. Die toets duur slegs een minuut en geen ongemaklike plakkers is nodig nie. Lede kan ook 1 Mil Hosp se uitkoopbewyse hier vir uitreiking inhandig. Die apteek is by 186 Springbokstraat 186 geleë”.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF/SMMVF)

33. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

34. Eerste Operasionele Sprong deur die SAW

Paul Els rapporteer dat “… noudat my boek oor Walvisbaai voltooi is, het ek begin met navorsing oor die eerste operasionele sprong wat die SAW onderneem het. Dit het op 04/06/1974 by Bwabwata in die Wes-Caprivi plaasgegevind. Ek benodig egter ‘n kaart van daardie jare wat die basis by Bwabwata aandui, asook die liggings van plekke soos Sefuma, Mpupa, Coutado-de–Mucusso en Liuana. Ek moet weet wie betrokke was, asook wat 6 SAI Bn se rol hiertydens was. Dieselfde geld vir die tweede sprong by Kongola wat gemaak is om ‘n groep Boesman-soldate in 1975 te red. Praat met my, want ons word oud en vergeet”.

NUWE MILITêRE BOEKE

35. Book by Gen Jannie Geldenhuys : *At the Front*. In the issue of Sep 2019 of Military Despatches, the following note appeared about Gen Jannie’s book, which has been slightly shortened:

The late Gen Jannie Geldenhuys is widely regarded as one of the leading military commanders South Africa has ever produced. As C SADF from 1985 to1990 he brought his experience to bear on the South African Border War, and was part of the negotiating team which brought an end to the conflict in 1989. In this completely revised and updated edition, Geldenhuys reflects on a life defined as much by a military career spanning more than four decades, as it was by politics and indeed the need for peace on the African sub-continent. *At the Front* covers the years before and during the protracted Border War. But rather than a blow-by-blow official history, it consists of Geldenhuys’ personal experiences and insights. These include facts unknown to civilians and even to some high-ranking military officers. He sheds light on the final years of the conflict and the negotiated settlement and writes of his early years, as he evolved from a rugby-mad young subaltern to a deep-thinking, reflective man with ever-sharpening insights into, war, peace, politics and, most of all, himself. After joining 1 SSB, he went on to higher command, serving as OC SWA Comd, GOC SWATF, C SA Army, and C SADF. It is in paperback format, has 394 pages and cost R275.



36. *African Combat* deur Al J Venter

Al verwittig dat "... my jongste en ook my laaste boek oor die Grensoorlog, naamlik *African Combat,* nou hier in England gepubliseer is, maar is ook by Bush War Books beskikbaar.
Dit is 'n groot werk van ongeveer 400 bladsye met meer as 200 fotos. My sincere thanks to all you good people who contributed to this fine volume. We are the last of the Old Guard and sadly, our numbers are starting to thin. So much good work has been done".



37. *Dancing a Tango with Death* by JJ (Tolletjie) Botha of Int Div

Bush War Books describes the book as portraying the daily life of Dir Covert Collection (DCC) at Int Div controlling the secret agents working in what Tolletjie Botha called hostile countries. They were Airline pilots, Belgian missionaries, German industrialists, engineers, medical doctors, high-ranking officers of enemy countries and last, but not least, people like a well-known Namibian lawyer and a famous, internationally acclaimed South African singer; people who, sometimes unwittingly, collaborated, believing they were helping friendly countries. Did the document prepared by Gen Pierre Steyn, the famous top secret *Steyn Report*, actually really exist?

In this book you will find the full original document whose existence has been denied by FW de Klerk and his closest allies. Did Judge Richard Goldstone act bona fide by accepting in his final report the information given to him by Counter Intelligence and the NIS, information that, at the very end, emerged as hearsay? DCC maintained close contacts with Western intelligence services like the British MI6. More than half the African members of the first Mandela cabinet had been on the DCC payroll and why did the Motsuenyane Commission of Enquiry suspend its search, and never published the list of ANC members massacred or disappeared, victims of their own comrades?

Paperback; 300 pages for R350. Contact warbooks.co.za@cmail20.com for detail.



PAUL ELS SE BOEKE

38. NTR.

WELSYNSWERK

39. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

40. Al Venter Gaan Alweer Bos Toe

“Ek is sopas terug vanaf Lissabon, waar ek gereël het om later hierdie maand met een van hulle valskermeenhede, bekend as die *Paraquedistas,* in die Sentraal Afrikaanse Republiek operasioneel te ontplooi. Dit is sterk manne hierdie. Hulle was betrokke by 'n reeks kontakte teen die vyand wat uit Chad en Sudan insypel, waarvan meeste van die gevegte ses uur of meer geduur het en hulle het nie 'n enkele lid verloor nie! Op die skakel by https://www.rtp.pt/noticias/mundo/radicais-islamicos-abrem-nova-ofensiva-em-africa-entrevista-olhar-o-mundo_v1172347 verskyn ‘n onderhoud wat ek oor die voorgenome besoek gevoer het”.

41. Nuusbrief van die Parabats

* Paul Els noem dat Bat Chat, die Pretoria Canopy se nuusbrief vir die derde kwartaal propvol lekker leesstof is en op die skakel by http://parabat.org.za/wp-content/PVOapp/SEP-31-2019-Final.pdf gelees kan word.

* Chris Pohl verklaar dat “... Oom (!) Paul homself weer met die saamstel van die nuusbrief oortref het. Dankie vir almal wat bydraes gelewer het. Ons vereniging se webblad kan by **chris.pohl@parabat.org.za** gelees word”.

42. Matt Tennyson's *Military Despatches*

Robbie Roberts is Chairman of the Signals Association and notes that Matt has published the Sep 2019 issue of *Military Despatches,* which can be read on the publication’s website at www.militarydespatches.co.za. It includes, among others, an interesting article on the Top Ten Military Mistakes, which makes for interesting reading and which is described as follows:

Throughout history, battles have been lost due to bad weather, insufficient weaponry and bad luck. But what about those for which poor judgment and shoddy planning are to blame?

43. Seiner se Kinders gaan vir die All Blacks Speel. Deon van Zyl noem dat die volgende artikel op die SA Seinkorps se FaceBook-blad verskyn het:

“Ons wens ’n oud-seiner, Jeanne Pienaar, geluk met haar nuwe burgerskap van Kiwiland en wens haar net alles van beste toe. Jeanne besoek die RSA nog gereëld en is steeds 'n lojale en trotse oud-seiner. Op die Vleisboek het sy verklaar ‘… that after 20 years in New Zealand I finally took the plunge and became a new Citizen today. I am super proud to be a dual citizen of my country of birth and New Zealand as my country of choice. What a privilege! Die hoogtepunt vir my by die burgerskapseremonie was om die voormalige

H Leër van die New Zealand Army, Maj Genl Peter Kelly, te kon ontmoet. Hy is ‘n interessante man en ook heel op hoogte met ons destydse bosoorlog’.

Deon noem “… dat Jeanne eens by 6 SAI Bn in Grahamstad gestasioneer was. Op die foto verskyn sy saam met genl Peter Kelly”.

44. The Aegean Pirates : The History of 15 Sqn SAAF in WW2

Elsa Kleynhans noem dat “… my seun veral in WO2 belangstel en sal graag hierdie boek wil bekom, wat droorlog is op soek na die aangehegte boek wat deur doktors Stefaan Bouwer en Gerald Thomson geskryf is. My Pa en dus sy Oupa het in hierdie eskader in WO2 gedien en wil graag versoek of daar iemand is wat die boek ken en wat dit besit en dalk wil verkoop. My e-posadres is elsa@psp.co.za”.

45. Newsletter of the Naval Officers’ Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Sep 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

46. Newsletter of the SA Legion

Lgr Charles Ross of the SA Legion advises that that the Legion publishes an bi-monthly electronic newsletter, known as SPRINGBOK. The latest edition is available at https://issuu.com/charlesross8/docs/springbok_august_2019, while earlier editions are also available at the above e-mail address.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

47. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

48. Quarterly Newsletter of the Signals Association

Robbie Roberts is the Chairman of the Signals Association and advises that the issue of Sep 2019, known as '*Jimmy's Own'* is now available. It includes an interesting article on the use of signals during the Anglo/Boer War. The Newsletter is available from my e-mail address at robbie.wa.roberts@gmail.com.]

49. Newsletter of South African Military Intelligence Association (SAMIVA)

Mike Huxtable is the Secretary of SAMIVA and advises that the latest issue of the Newsletter, *SAMIVA Scout*, is now available on FaceBook or can be requested from the e-mail address at samiva.sec@gmail.com.

50. Magtigingsvorm van die Dept van Militere Veterane (DMV)

Die SAWV verklaar dat "… nadat 'n aansoek vir registrasie by die DMV, asook alle daaropvolgende aansoeke vir voordeel ingedien is, het die SAWV nie meer insae in die DMV se stelsel nie en die DMV sal ook nie die SAWV in kennis stel wanneer 'n lid geregistreer is en of voordele goedgekeur is nie. Die DMV sal 'n lid persoonlik in kennis stel en vir 'n organisasie soos die SAWV of 'n indiwidue om navraag oor 'n lid se vordering ten opsigte van registrasie of goedkeurings te doen, moet 'n DMV Magtigingsvorm deur die lid voltooi word. 'n Gesertifiseerde afskrif van die lid se ID of bestuurderslisensie moet saam met die vorm aan die SAWV na Posbus 21548, Valhalla, 0137 gepos word. Ons verteenwoordiger sal dan die magtigingsvorm en bewys van identiteit per hand na die DMV neem om vordering met die aansoek op te volg. Wees asseblief geduldig en besef dat daar reeds meer as 100 000 lede geregistreer is, terwyl meer aansoeke goedgekeur moet word. Dit is 'n lang proses maar op die einde die moeite werd".

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

51. Weerstand teen die Regering se Wanaanwending van Pensioenfondse

MS du Toit van die Inf en Afd Inl meen "... dat daar nou 'n massa weerstand teen die regering se potensiële wanaanwending van pensioenfondse gereël moet word, om die regering te verhoed om ons fondse na bankrot organisasies soos ESKOM en andere te kanaliseer. Dit lyk asof dit die regering se plan is om eerder by die GEPF se geld te leen of te steel as om by die IMF geld te wil leen!" Nota. Die IMF help lande om hulle van bankrotskap te red.

My voorstel is dat die AMAGP die saak aanroer sodat in samewerking met opposisiepartye, vakbonde, pensioenfondse, staatsorganisasies, pensionarisse, afgetrede organisasies en ander, 'n veldtog van stapel gestuur word om handteninge te bekom om hierdie optrede teen te staan. Die oorhandiging van enorme weerstand-handtekeninge teen regering se plan moet in die openbaar parlement aan die President persoonlik oorhandig word".

52. Statement by the Institute of Race Relations (IRR) on a Policy of Prescribed Assets. The following statement has been shortened slightly:

Prescribed assets are a policy that enables the government to dictate to pension funds where they must invest a portion of the savings of their members. It is likely that the government will implement such a policy in order to fill funding gaps in state-owned enterprises which have resulted from reckless spending, corruption, and mismanagement. The IRR is concerned that very few fund managers are raising the alarm about the risks to their members' assets. Some, such as Wayne McCurrie and Magda Wierzycka, have

gone on record as saying that a policy of prescribed assets will be a sacrifice the country may have to make if it is to stave off a bailout from the International Monetary Fund.

Those who contribute to a pension to provide for their old age should not be faced with having a portion of that money being diverted to plug funding gaps caused by government failures. History shows that prescribed assets provide a far lower return for investors than equities, which means that if such a policy is implemented, South African savers will be worse off when they retire. Prescribed assets, – like other policies which will make us all poorer, such as expropriation without compensation and National Health Insurance, must, if necessary, be opposed.

SOEKTOGTE

53. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

54. Infanteriste is Plesierig : Formele Gaste-aand

Geoff Holland-Muter van die SA Infanterie-vereniging (SAIV) verklaar dat die Formele Gaste-aand die afgelope twee jaar so gewild was dat die SAIV hierdie jaar twee sulke geleenthede gehou het. Die Infanterie se Somer Formele Gaste-aand word op 19/10/2019 by die Bronberg Landgoed gehou en die koste is R250 per person. Kontak asseblief vir my op 076 637 9355 of by geoff@bexlosa.com om te bespreek.

Lede van ander weermagsdele en korpse, asook burgerlikes is baie welkom om by te woon. Kom ons kuier formeel soos in die verlede. Dit was toe lekker en is nou nog lekkerder. Kom beleef hoe die Infanterie besig is om die ou tradisies en gebruike weer op die voorgrond te plaas.

55. Eindjaar-middagete van die Overberg se Veterane

Jos Rabie van die Parabats is die Sameroeper van die Overberg-veterane se Netwerk en noem "… dat dit hier nog oor die algemeen goed gaan met die Veterane in ons kontrei, alhoewel ons dan en wan verneem van nuwe pyne, operasies en die algemene dinge op die pad van ons jare. Ons het egter darem tyd om sosiaal te verkeer en beplan om ons eindjaar-middagete op Vrydag 01/11/2019 in Hermanus te hou. Ons nooi ook almal wat dan in ons omgewing kuier, om by ons aan te sluit. In die verlede is met groot vreugde en sukses op hierdie uitnodiging gereageer en sien ons weer daarna uit om ons vriende uit die Noorde te onthaal. Kontak my asseblief op 082 784 6373 of jrcr@vodamail.co.za".

56. Annual Formal Banquet of the Pretoria Branch of the SAAF Association (SAAFA)

Jaap Rossouw is the Secretary of the Pretoria branch and advises that the Annual Formal Banquet annual banquet will take place at 18:30 for 19:00 on Friday 27/09/2019 at the Officer's Mess in AFB Waterkloof. The cost is R225 per person and the dress for the occasion is formal with orders, decorations and miniature medals. Please contact me on 012-651 5921, 083 271 or on pta@saafa.co.za".

57. Church Service for the International Day of Peace. Lgr Charles Ross of the SA Legion advises as follows:

The United Nations had previously declared that the third Tuesday of September or 21 September should be observed as the International Day of Peace. It should be a day on which all hostilities would cease and member states and organisations would strive to promote peace. In 2015 the Pretoria Branch of the SALegion, under the slogan of 'Veterane vir Vrede/Veterans for Peace" held a church service in the NG Kerk Raslouw in Centurion. For the fifth year the service took place in the NG Kerk Raslouw on Sunday 08/2019 and were as conducted by the former Chaplain General of the SANDF, Reverend Marius Cornelissen, and was attended by a large number of Military Veterans from various organisations. Those present were welcomed by Lgr Charles Ross, where-after the standards of the different Veteran organisations were carried in and placed at the front of the church. Rev Cornelissen read from Matthew 10:

29 to 31 and 14: 22 to 35 and after the sermon, a candle was lit for the Unknown Soldier by the oldest member of the congregation. This was followed by the playing of Last Post, two minute silence and the Reveille. The piper played the Lament during the 2 minute silence. The service concluded with the singing of the hymn God Bless Africa". Every member of the congregation received a 1 cent coin, which depicted the "mossies" which is linked to the scripture of Matthew 10. The photos show Marius conducting the service and the standard bearers.

58. SAMIVA's Springtime Braai

Mike Huxtable is the Secretary of the SA Military Intelligence Veterans' Association (SAMIVA) and explains "... that many Intelligence functionaries were allocated to various units and were often excluded from the unit group identity as outsiders, especially when it comes to the unit's veteran associations. SAMIVA aims to provide a home for all veteran Intelligence functionaries. In our world of classification and confidentiality, it is an environment where like-minded professionals can share their experiences, without having to explain themselves to the uninitiated.

The purpose of this group is to represent veterans with an intelligence mustering in the South African military, whether National Service, Permanent Force or Citizen/Reserve Force. Our goal is to take care of our own, Intelligence veterans who are in dire need, according to a set of verifiable criteria. See the link at Samiva.Sec@gmail.com for details on becoming a member of SAMIVA.

Please note the following as an opportunity to meet and enjoy:

ADMINISTRASIE

59. NTR.

NETWORKING

60. Aanbeveling van Uroloog in Pretoria

Sarel Myburgh van die Infanterie noem dat hy tydens sy "… jaarlikse besoek aan 'n Uroloog na dr Sias Voss by die Urologiese Hospitaal in Hatfield, Pretoria verwys is. Hiertydens het hy genoem dat hy as 'n NDP en as 'n luitenant as valskermsoldaat gekwalifiseer het. Hy het my vertel hoe 'n weerman, wat saam met hom op die kursus by 1 Valsk Bn was, sy grootste morele ondersteuner was en hom veral tydens die LO Fase daagliks aangemoedig en aangespoor het. Hy is steeds 'n groot ondersteuner van die SAW en praat met lof van die hoë standaarde wat destyds in die SAW gehandhaaf is. Vir my was dit nie net 'n besoek aan 'n professionele geneesheer nie, maar ook 'n positiewe ervaring in my menswees. Ek kan hom met groot verantwoordelikheid aan enigiemand aanbeveel wat 'n behoefte aan 'n Uroloog het".

Sy besonderhede is soos volg:

Dr Sias Voss
Urologiese Hospitaal
Hatfield
Pretoria

(012) 342 9414/5/6

61. Boek oor Rolbal

MS du Toit van die Infanterie en Afd Inl noem dat daar nog net twee eksemplare van sy derde boek oor die fyner kunsies van rolbal beskikbaar is. MS se e-posadres is msdt@yebo.co.za.

62. Opera-langspeelplate

Celeste Bosman verwittig dat sy besig is om oor man se persoonlike besittings te beskik en noem "… dat Wim 'n groot versameling van wonderlike langspeelplate van al die groot operasangers het, veral tenore, van die 1960s en 70s. As iemand dalk belangstel in die versameling, moet ek asseblief op my e-posadres by celeste4133@gmail.com gekontak word"

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

63. Padwoede

Paul Els bieg dat hy "... nou besef dat ek 'n probleem met padwoede het en dat my kinders my voorbeeld navolg, toe my vierjarige kleinseun skielik skreeu '... jy is in my donnerse baan, jou x&!8%! En dit was in Pick&Pay met 'n trollie".

64. Vrees vir 'n Mislukking

Vrou aan haar aanstaande: Ons kan voor die Landdros gaan trou, maar ek is bekommerd dat die saak uitgegooi sal word!

SLOT

65. En op daardie bekommerde noot, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

66. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.